**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**JUNIE 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 90** **TYD: 1 ½ uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

   **Afdeling A : Gedigte (40)**
   **Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.**

   **Afdeling B : Kortverhale (50)**
   **Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.**

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Begin elke vraag op ’n skoon bladsy.**

4. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
   **Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman, Gilbert of Mej. Ramdhani of Mej. Fourie**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

## Afdeling A: Gedigte

### Vraag 1: Die reënboogkinders (Hennie Aucamp)

**Die reènboogkinders**
**‘n ABC**

1. A staan vir Astrid, almal sal van haar hou.
2. B staan vir Buksie, klein maar sterk gebou.
3. C staan vir Colene, met sproete op haar neus.
4. D staan vir Damon, wat ‘n visserman wil wees.
5. E staan vir Elsie, ‘n krulkop-liefling
6. F staan vir Faisal, wat Kaapse moppies sing
7. G staan vir Gerty, haar hoedjie is geruit.
8. H staan vir Heinrich, wat nes ‘n lyster fluit.
9. I staan vir Ina, sy dra linte en sy dig.
10. J staan vir Johnny, hy skerm in die lug.
11. K staan vir Katrientjie, sy klim van tak tot tak.
12. L staan vir Lorenzo, wat lekker pizzas bak.
13. M staan vir Miriam, sy tel al in Hebreeus.
14. N staan vir Nimrod, in sy drome jag hy leeus.
15. O staan vir Olga, haar oupa was ‘n Rus.
16. P staan vir Pumlani, van die Pondolandse kus.
17. Q staan vir Queenie, fyntjies van gebaar,
18. R staan vir Ricardo, hy klits sy blikkitaar.
19. S staan vir Skankwas, wat in die duine bly.
20. T staan vir Thandi, wat potte maak van klei.
21. U staan vir Ute, met wange appelrond.
22. V staan vir Vuzi, ‘n ghoera voor sy mond.
23. W staan vir Wena, sy speel so graag toneel.
24. X staan vir Xander, met sy strikdas van fluweel.
25. Y staan vir Yonti, ‘n kolwertjie van faam.
26. Z staan vir Zubayda- en hier sê ons “Salaam”.




1.1. Wie is die digter van hierdie gedig? (1)

1.2. Hoeveel strofes is daar in hierdie gedig? (1)

1.3. Uit hoeveel versreëls bestaan hierdie gedig? Skryf net die nommer neer. (1)

1.4. Die volgende stelling is **WAAR.**

Astrid is populêr.

Haal 5 opeenvolgende woorde aan wat dit bewys. (1)

1.5. Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. (1)

1.6.1. Kyk na versreël 8.
Die woord “nes” staan eintlik vir twee woorde.
Wat is die twee woorde? (1)

1.6.2. Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer (1.6.2.) en antwoord neer.

Die woord “nes” is ‘n aanduiding van:

- Assonansie
- Alliterasie
- Vergelyking (1)

1.7. Wat is ‘n lyster (versreël 9) ? (1)

1.8. Verduidelik wat “moppies” in versreël 6 is. (1)

1.9. In hierdie gedig word daar na twee musiekinstrumente verwys. Noem hulle. (2)

1.10. Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die vraagnommer (1.10) en die antwoord neer.

Lorenzo (versreël 12) kom heel waarskynlik van:

- Rusland
- Italië
- Pondoland (1)

1.11. Die volgende stelling is WAAR

Miriam kan ‘n ander taal praat.

Motiveer dat die stelling WAAR is deur EEN versreël aan te haal. (1)

1.12. Waar, dink jy is die duine waar Skankwas bly? Noem twee moontlike plekke. (2)

1.13. Wat noem ons die rymskema wat ons in hierdie gedig teëkom? (1)

1.14. Die gedig handel oor reënboogkinders. Daar is verskille (differences) tussen mense van verskillende nasies.

Noem twee verskille wat mense tussen verskillende nasies kan kry. (2)

1.15. Wie skryf, volgens hierdie gedig, gedigte? (1)

1.16. Kyk na versreël 26.

Uit watter kultuur kom die woord:"Salaam"? (1)

(20)

**Vraag 2: Vakansie (Elizabeth Fourie)**

Vakansie is net om die draai
Dis weer tyd om die motor te laai
Ag Pa, maak tog gou!
Ons wag net vir jou
Dan kan ons lekker laat waai.

Die fles met koffie is in
Die feestyd gaan nou begin
Gepak is my tas
My gordel is vas
Die tyd na die see toe raak min.

Ek sien die see….
Ag Ma, kan ons sommer nou dadelik gaan swem?

Sambrele, sambrele – 'n bloue, 'n gele
Staan oral gepak op die strand

Die grafies en emmers, die mooiste kastele
Gebou van die sagte spierwit sand.

Die kinders wat lag en skater en skater
En plas in die water
Pa lê so lui op sy rug
Desembervakansie
Die son dans 'n dansie
En lag in die helder blou lug

2.1. Haal 4 opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê wanneer dit vakansie is. (1)

2.2. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies en skryf dan die vraagnommer en die antwoord neer.

Hierdie gesin gaan per (boot / motor / vliegtuig) op vakansie. (1)

2.3. Haal 1 versreël aan wat vir ons wys dat die spreker ongeduldig (impatient) raak met haar pa. (1)

2.4. Haal ‘n voorbeeld van assonansie uit strofe 1 aan. (1)

2.5. Waarin word die koffie warm gehou? Haal een woord aan. (1)

2.6. Haal 3 opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê waar die gesin vakansie gaan hou. (1)

2.7. Kyk weer na versreël 11. Wat noem ons die drie kolletjies ... aan die einde van die versreël? (1)

2.8. Wat is die eerste ding wat die spreker wil doen wanneer sy die see sien? (1)

2.9. Kyk weer na versreël 13. Die woord “sambrele” word herhaal.

2.9.1. Voltooi die sinne wat volg deur die weggelate woorde in te vul. Skryf net die letter en die antwoord neer.

Die rede hoekom die woord “sambrele” herhaal word is om te (a)_________ dat daar (b) __________ sambrele op die strand was. (2)

2.10. Watter twee kleure is die sambrele? (2)

2.11. Noem twee items wat kinders op die strand gebruik om sandkastele mee te bou. (2)

2.12. Kyk weer na strofe 5.

2.12.1. Watter woord sê vir ons dat die seesand mooi skoon is? (1)

2.12.2. Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit strofe 5 aan. (1)

2.13. Kyk na strofe 6.

Pas die woorde in KOLOM A by die beskrywing in KOLOM B.
Skryf net die vraagnommer en letter neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.13.1 | Die woord word herhaal | A | klanknabootsing |
| 2.13.2 | plas | B | ontspan |
| 2.13.3 | Pa lê so lui op sy rug | C | skater |
| 2.13.4 | Die son dans ‘n dansie | D | personifikasie |

(4)

(20)

Afdeling A: 40

**Afdeling B:  Kortverhale**

**Vraag 1.  Nog iemand vir pynappel op pizza?**




Lees die uittreksel uit die storie en beantwoord dan die vrae wat volg.

| |
|---|
| Tiaan stoot sy stoel vinnig agteruit .  "Ek wil nie hier wees nie, Ma! Dis wat!" Hy swaai om en stap voordeur toe.  Hy wil nie sy ma se bekommerde oë sien nie.  Hy wil nie verduidelik dat hy nie kans sien om weer van voor af te begin nie. |

1.1.  Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer neer. 3.1. a,b,c,d,e,f.

| |
|---|
| ou,  sal,  dogter,  seun,  vier,  ongelukkig, kortverhaal, gedig, gelukkig, wil, nuwe, vyf |

In die eerste gedeelte van hierdie (a) .................. lees ons van 'n (b) ...................... wat kwaad en (c).............. is.  Hy sê dat hy nie daar (d)............... wees nie. Die seun is al (e)............... dae by sy (f)............... skool. (6)

1.2.1.  Watter skoolvak se boek moes Tiaan gaan leen? (1)
1.2.2.  By wie se huis moes hy die boek gaan leen?  Gee haar naam. (1)

1.3.  Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.  Skryf slegs die vraagnommer (3.3) en die antwoord neer.

Welgelegenstraat 105 het die (grootste/kleinste) huis in die straat. (1)

1.4.  Hoekom het Tiaan die persoon se boek nodig?

Kies die korrekte antwoord en skryf dan slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

- Hy is nie lus om sy huiswerk te doen nie.
- Hy is agter in die vak en moet die werk afskryf.
- Hy het sy boek verloor en moet nou weer begin. (1)

1.5. Hier is ‘n beskrywing (description) van die meisie wie se boek Tiaan gaan leen, soos sy by die skool lyk. Watter woord pas nie (doesn’t fit) Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer

- Vlegsel
- Bril
- Groot oorbelle (1)

1.6.1. Wie is die ander meisie wat ook daardie aand by die huis in Welgelegenstraat 105 kuier? Gee haar naam. (1)

1.6.2. Wie is die ander seun wat ook daardie aand by die huis in Welgelegenstraat 105 kuier? Gee sy naam. (1)

1.7. Kies die beskrywing in Kolom B wat pas by die woord in Kolom A.
Skryf net die letter (A- D) langs die vraagnommer (3.7.1 – 3.7.4) neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.7.1 | nuwe CD | A | musiekinstrument |
| 1.7.2. | deurmekaar | B | The Four Seasons van Joshua Bell |
| 1.7.3. | viool | C | Die meisie se slaapkamer |
| 1.7.4. | pers | D | Die een meisie se haar kleur |

(4)

1.8.1 In watter sport is Tiaan goed? (1)
1.8.2. Watter sport doen die ander seun? (1)

Lees die uittreksel uit die storie en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Terwyl hulle laggend met die trap afstap, onthou Tiaan wat hy vir sy ma gesê het: “Die kinders is … weird.”
> Hulle is rêrig weird – maar nie op die manier wat hy bedoel het nie.

1.9. Watter kos het die tieners besluit om te maak? (1)

1.10. Wie hou nie van pynappel op hierdie kos nie? (1)

1.11. Watter musiekinstument speel die ander seun terwyl die kos gemaak word? (1)

1.12.1 Watter item wil die meisie vir Tiaan in die garage gaan wys? (1)
1.12.2. Watter kleur is hierdie item? (1)
1.12.3. Aan wie behoort die item? (1)

(25)

**Vraag 2. Valentynsdag**



Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

| |
|---|
| Dit is die dag voor Valentynsdag. Phumi is baie opgewonde. Sy is in haar kamer besig om 'n kaartjie te maak. Sy knip 'n hartjie uit pienk karton. Sy skryf daarop. |

2.1. Skryf die datum uit van die dag waarvan daar in dié uittreksel hierbo gepraat word. (1)

2.2. Die volgende stelling is ONWAAR.

Phumi het 'n Valentynskaartjie gekoop.

Haal 6 opeenvolgende woorde aan wat bewys dat die stelling onwaar is. (1)

2.3. Verduidelik wie Kheta is. (1)

2.4. Kies die korrekte antwoorde uit dié tussen hakies om die sin te voltooi. Skryf die vraagnommer en die antwoord neer.

Toe Kheta in Phumi se kamer was, het Phumi (gelukkig/hartseer/kwaad) gereageer. (1)

2.5. Drie van die volgende vier beskrywings pas by Lethu. Watter een pas nie? Skryf die vraagnommer en die letter neer.

A. vonkelende bruin oë
B. kuitjies op sy wange
C. lank en maer
D. swart hare (1)

2.6. Wat noem ons dit as iemand rooi word in die gesig omdat hulle skaam kry? Skryf 1 woord neer. (1)

2.7. Verduidelik in jou eie woorde waarom Phumi daardie oggend vroeg skool toe wou gaan. (1)

2.8. Wat is Phumi en Lethu se onderwyseres se naam? (1)

2.9. Die gebeure (events) hieronder vind in die storie plaas.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE.

- Phumi kom vroeg by die skool aan.
- Phumi jaag haar broer by haar kamer uit.
- Kheta sit iets in Lethu se bank.
- Phumi sit iets in Lethu se bank. (4)

2.10. Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik.
Skryf die vraagnommer en die woorde neer. (Nie die hele paragraaf nie)

| skaam, | koppie, | Kheta, | Phumi, | dosie, | geskok |
|---|---|---|---|---|---|

Toe Lethu sy lessenaar oopmaak, is Phumi 2.10.1. _______________omdat daar ‘n kaartjie en ‘n 2.10.2._______________ sjokolade in is. 2.10.3. _________ het die sjokolade daar gesit en nie 2.14.2._______________ nie. (4)

2.11. Lees die uittreksel hieronder.

> “Sies!” skree hy. “Dit is nie sjokolade nie, dis _____________.

2.11.1. Wie skree in hierdie uittreksel? (1)
2.11.2. Skryf ‘n woord neer wat die sin korrek sal voltooi. (1)

2.12. Kies die verduideliking in Kolom B wat pas by die woorde in Kolom A.
Skryf die vraagnommer en die letter neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.12.1 | om ‘n poets te bak | A | ‘n skoolvak |
| 2.12.2 | Wiskunde | B | Phumi dink Lethu is so |
| 2.12.3 | oulik | C | Om iemand terug te kry |
| 2.12.4 | wraak | D | Om iemand te terg |

(4)

2.13. Hoe het Lethu uitgevind dat Phumi nie vir hom die dosie sjokolade gegee het nie? (1)

2.14. Wat is die meisie se naam vir wie Kheta ‘n kaartjie “gegee” het? (1)

2.15. Hoe, dink jy, het Kheta gevoel toe die hele klas vir hom gelag het? (1)

(25)

Afdeling B: 50

**GROOTTOTAAL: 90**